
September 2019
Volume 9, Uitgawe 3

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA



# SIZA Produsente Nuusbrief

## MEER OOR DIE SIZA *AUDIT FREQUENCY MATRIX*

Die SIZA Etiese (Sosiale) program is verbeteringsgerig eerder as ouditgerig, en gebruik die SIZA *Audit Frequency Matrix* om hierdie posisie te ondersteun. Vanaf die 1ste Mei 2017 is die oudit kategorieë verander na Platinum, Goud, Silwer, en Brons; waar Platinum (voorheen bekend as *Risk category A*) nie meer 'n **vyfjaar-ouditperiode** verteenwoordig nie, maar eerder 'n **driejaar-ouditperiode** versoek. Sedert die begin van die SIZA program, was die bedoeling dat SIZA in verskeie verifiëringsaktiwiteite moet betrokke wees, soos byvoorbeeld plaasbesoeke en aanlyn assesserings (*SAQs)* om die risiko tussen ouditperiodes te bestuur.

As deel van die SIZA Oudit oorsigprogram en die monitering van risiko's tussen oudits, is SIZA tans besig om tweedeparty besoeke af te lê om te verseker dat sosiale praktyke tussen ouditperiodes konsekwent bly. Tans is daar steeds **361 oudits** oor wat tydens die vyfjaaroudit periode gedoen is (waarvan 52 teen die einde van 2019 uitfasseer sal wees; 139 = 2020; 123 = 2021 & 47 = 2022). Sodra die vyfjaarouditsiklus se besoeke voltooi is, sal daar jaarliks 'n steekproef van die driejaar platinum periode geneem word vir verdere besoeke. Die fokus van hierdie besoeke is om deurlopende verbetering te bewerkstellig. Dit is nie dieselfde as 'n onafhanklike derderparty oudit nie, en daar is nie addisionele kostes daaraan verbonde vir die produsent nie want dit vorm deel van die jaarlikse lidmaatskapfooi.

## DIE HERSIENING VAN DIE SIZA SOSIALE STANDAARD

SIZA is in proses om die SIZA Sosiale Standaard te hersien. Volgens SIZA se beleid en markvereistes, moet die SIZA Sosiale Standaard elke drie (3)-jaar siklus hersien en opdateer word. Die proses is formeel in Mei 2019 begin en die eerste rondte hersienings is voltooi en deur die hersieningswerkgroep op die 3de September 2019 bespreek.


As deel van die hersieningsproses is die volgende stap publieke kommentaar, waar ons u formeel wil uitnooi om aan deel te neem. Indien u engie veranderinge aan die huidige Standaard wil voorstel, kan u die huidige dokument op die SIZA webtuiste kry by https://siza.co.za/wp-content/uploads/2018/11/SIZA-Standard-Sept-2016-V5.0.pdf

***Onthou asseblief om die kode verwysings- en die bladsynommer te gebruik indien u enige kommentaar op 'n sekere afdeling lewer.***

U geskrewe voorstelle en kommentaar moet asb nie later as 30 September 2019 na Carmen Botes (carmen@siza.co.za) gestuur word.

### IN DIE UITGAWE

SIZA Etiese Oorsig ..................... 2
Wat is 'n *Beyond Audit*? ........... 2
SIZA Etiese Oudits ..................... 3
SIZA Omgewingsoorsig ............. 4
SIZA Omgewingsopleiding......... 5
*Bewaar die Omgewing* ............. 5
Tweedeparty Verifiërings......... 6



## SIZA ETIESE OORSIG

SIZA het op die oomblik 2 025 aktiewe geregistreerde lede op die platform. Gedurende die twaalf maande periode het 1 592 lede hul lidmaatskap hernu. 41 lede het hul lidmaatskap gekanselleer omdat die plase verkoop is.

SIZA lidmaatskap het met 333 lede gegroei tussen 1 Augustus 2018 en 31 Augustus 2019. Hierdie groei kan aan die algehele markvereistes vir meer produsente toegeskryf word. SIZA se geloofwaardigheid bly ongeskonde soos wat lede besef watter waarde hul SIZA lidmaatskap aan hul produksie– en waardeketting bring.

**SIZA Sosiale *SAQs***

Tot op hede is daar 1 767 Sosiale lede wat hul Sosiale Selfassesseringsvraelys (*SAQ)* vir die periode 1 Augustus tot  31 Augustus 2019 op die platform voltooi het; waarvan 1 587 hersien en goeddgekeur is. Daar is steeds 180 Sosiale *SAQs* uitstaande.

Die SIZA-span werk ywerig om te verseker dat alle produsente gekontak en bygestaan word om hul SAQs jaarliks betyds te voltooi.

> "Beyond audit *praktyke verbeter kapasiteit binne 'n sisteem, en spruit gewoonlik uit addisionele bydrae en / of finansiële beleggings"*

### VOORBEELDE VAN *BEYOND AUDIT* PRAKTYKE

Psigososiale Welstand

- Sportspanne (werknemers word deur bestuur ondersteun om 'n span te vorm — word finansieël, logisties ens. Ondersteun)
- Sportvelde wat deur die maatskappy voorsien/instand gehou word
- Psigososiale welstandsprogramme word aan werknemers gebied en word ondersteun deur bestuur (bv. ProCare ens.)

Indiensnemingsvoordele

- Voorsorgfondse word aan alle werknemers voorsien
- Nasorgfasiliteite, soos bv. crèches word voorsien
- Beter behuising word voorsien vir werkers (akkommodasie is bo die minimum vereistes), soos en-suite badkamers, ruim kamers, werkers kan behuising besit ens.

## WAT IS 'N *BEYOND AUDIT*?

*Beyond audits* is praktyke wat die minimum ouditvereistes oorskry, verkieslik bo en behalwe die minimum wetgewende-, Standaard- en kodevereistes. Hierdie voordele is addisionele sisteme, produkte, dienste of goedere wat die maatskappy as  voordele aan die werknemer bied. Hierdie praktyke poog voortdurend om langtermyn, samehangende en wedersyds voordelige stelsel te skep vir almal wat binne die sisteem betrokke is.

Verwys na die bannier op linkerhand vir voorbeelde van *Beyond audit* praktyke.

*Beyond audit* praktyke verbeter kapasiteit binne 'n sisteem, en spruit gewoonlik uit addisionele bydrae en / of finansiële beleggings van 'n maatskappy in 'n poging om wedersyds voordelige verhoudings tussen werkgewer en werknemer te skep.

Tot op hede het 146 produsente *Beyond audit* praktyke op die SIZA platform gelaai.



## SIZA ETIESE OUDITS

SIZA Sosiale oudits het deur die loop van 2019 verhoog met 'n totaal van **383 Sosiale oudits** wat tussen die 1ste Januarie en 31ste Augustus 2019 uitgevoer is.

Dié groei kan in vergelyking met die vorige jare gesien word, aangesien 'n totaal van 219 oudits in 2016 en 316 oudits tydens 2017 uitgevoer is. In 2018 is 'n totaal van 415 oudits uitgevoer, wat gelei het tot 'n mediaan van 35 oudits wat per maand vir 2018 uitgevoer is, wat lei tot die gevolgtrekking dat 2019 groter getalle sal wys.

Tans bied SIZA 'n keuse tussen ses Oudit Maatskappye, waarvan drie kantore in die Wes-Kaap het en drie in Gauteng is. Al ses Ouditmaatskappye het ouditeure in die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap en Gauteng.

## SOSIALE OUDIT STATUSVERSLAG

| OUDITS | Januarie 2019 | Februarie 2019 | Maart 2019 | April 2019 | Mei 2019 | Junie 2019 | Julie 2019 | Augustus 2019 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voltooi | 45 | 38 | 41 | 51 | 41 | 24 | 22 | 5 |
| Goedgekeur | 4 | 3 | 3 | 4 | 14 | 16 | 24 | 25 |
| *In Progress* | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 11 |
| In Hersiening | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 9 |
| Sedex Sigbaarheid | 46 | 17 | 40 | 48 | 45 | 59 | 59 | 45 |

### KOMMENTAAR OP OUDITVERSLAG HERSIENINGS

159 Ouditverslag hersienings is tydens die tydperk van Januarie tot Junie 2019 uitgevoer. Terugvoere is aan Ouditentiteite gegee in 'n maandelikse Oudithersieningsverslag. Die Hersienings vir Julie, Augustus en September (150 hersienings) sal teen 30 September voltooi wees.

### KRITIESE BEVINDINGE

Daar was 'n totaal van vier (4) kritiese bevindings oor die afgelope 6 maande. Prosedures is gevolg en kommunikasie is op 'n gepaste wyse aan kopers, ouditmaatskappye en SIZA-lede gestuur. Drie van die kritiese bevindinge is verbeter en een maatskappy is besig om regstellende aksies te implementeer.

### OUDIT BEVINDINGSDISPUTE

'n Totaal van nege dispute op oudit bevindings is by SIZA ingedien. Al nege hierdie dispute is reeds opgelos en afgehandel.


Oor die algemeen bestaan die meerderheid oudit dispute uit klagtes rakende werksure (oortyd), status van die maatskappy (BCEA of SD13) of berekening van rustye.



## SIZA OMGEWINGSOORSIG

Tot op hede het 1 313 SIZA-lede hul Omgewings *SAQs* op die SIZA-platform voltooi, waarvan 1 248 goedgekeur is en 65 hersien is en teruggestuur is vir die nodige regstellings om gemaak te word. Die groei in voltooide Omgewings *SAQs* word in figuur 1 uitgebeeld.

Deur die loop van die laaste drie maande het SIZA 207 nuwe Omgewings *SAQs* ontvang. Hierdie groei in *SAQs* kan toegeskryf word aan die blootstelling van die platform aan 'n verskeidienheid van verskaffers, sowel as die vraag na Sedex-deursigtigheid. Om hierdie deursigtigheid van lede aan die VK-verkopers te bied, is al 1 244 voltooide *SAQs* oorgedra na die Sedex-platvorm.




*Figuur 1: Groei van Voltooide Omgewings SAQs vanaf Julie 2018 tot Augustus 2019*

### WELKOM AAN CARMEN BOTES


Ons heet graag die nuutste lid van die SIZA-span; Carmen Botes; welkom.

Carmen het haar Honneursgraad in Algemene Taalwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch verkry in 2016.

Sedertdien het sy in die digitale sfeer van Suid-Afrikaanse landbou gewerk. In Augustus 2019, het sy by SIZA aangesluit as Operasionele Beampte, waar sy uitsien daarna om as persoon te groei en om haar ervaring en kennis in dié sektor te verbeter.

In haar vrye tyd geniet sy alle dinge *foodie* en bak. SIZA verwelkom Carmen as deel van die span en ons glo dat sy sal bydra tot die sukses van die SIZA-inisiatief in die toekoms.


Om Carmen te kontak, stuur gerus 'n e-pos aan: carmen@siza.co.za



## SIZA OMGEWINGSOPLEIDING

Met die mark wat Omgewingsoudits begin versoek, is werkswinkels gehou ter voorbereiding van tweedeparty verifiërings. Dié werkswinkels het gefokus op die implementering van die SIZA Omgewingstandaard en goeie landboupraktyke.

Tussen April en Augustus 2019, is daar 22 werkswinkels gehou regoor die Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Limpopo provinsie. 'n Totaal van 580 produsente is bereik deur hierdie werkwinkels. 71 produsente behoort teen Maart 2020 geverifieër te wees.



*"Die video en plakkaat vir omgewingsbewustheid is in Engels, Afrikaans, en isiXhosa vertaal en aan alle SIZA-lede getsuur."*

## BEWAAR DIE OMGEWING



SIZA het onlangs 'n omgewingsbewustheid video ontwikkel, genaamd *Bewaar die Omgewing.* Die doel van hierdie video is om bewustheid onder werkers in die landboubedryf te skep in verband met die belangrikheid van omgewingsbewaring.

Die inhoud van die video fokus op omgewingsvolhoubare praktyke wat geïmplementeer kan word as deel van hul daaglikse aktiwiteite. Onderwerpe soos waterbesparing, voorkoming van besoedeling, energiebestuur en die uitroei van indringerplante word bespreek.

Die video en plakkaat vir omgewingsbewustheid is in Engels, Afrikaans en isiXhosa vertaal en aan alle SIZA-lede gestuur. Die video's is beskikbaar op YouTube en word ook op geheuestokkies beskikbaar gestel vir maklike gebruik waar daar nie voldoende internetverbindings is nie. Die video kan hier gevind word: https://youtu.be/Y6nIHNPqPrQ

Die geheuestokkies en plakkate word tydens werksessies vir kapasiteitsbou en besoeke aan derdepartye versprei. Dit kan ook by die SIZA-kantore bestel word. Die geheuestokkies en plakkate word gratis versprei, aangesien dit in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Landbou saamgestel is.

## SIZA OMGEWING TWEEDEPARTY VERIFIËRING

Greencell (Westfalia) het versoek dat SIZA 'n steekproef van 25% van hul avokado-verskaffers hierdie jaar moet verifieër en die res daarna. Altesaam 14 avokadoplase sal in jaar een geverifieer word, met die res wat volg. SIZA is ook deur Marks en Spencer UK genader om hul Suid-Afrikaanse verskaffers te laat verifieer. Daar is ooreengekom oor 'n steekproefgrootte van 25%, met 'n totaal van 56 plase wat teen einde Maart 2020 geverifieer moet wees. Die steekproefgroep vir Marks en Spencer sal willekeurig gekies word om verteenwoordiging in alle streke en kommoditeite te verseker.



SIZA het amptelik in die eerste week van Julie 2019 met tweedeparty verifikasie begin. Tot nou toe is altesaam 25 plase geverifieer, waarvan 11 van Greencell (Westfalia) en 14 van Marks & Spencer was, met die uitkomste wat positiewe resultate toon. Met die tweedeparty verifiëringsproses wat grotendeels op voortdurende verbetering en die bevordering van die bestuur van die omgewing fokus, is die volgende gebiede geïdentifiseer as kommerwekkend:

- Vulpunte wat gebruik word vir die vermenging van chemikalieë word nie volgens die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) gebou nie
- Energie-rekords word nie op 'n jaargrondslag vergelyk om die doeltreffendheid van verhoogde bestuurspraktyke met mekaar te vergelyk nie en om 'n formele plan vir energievermindering te implementeer nie
- Slegs minimale herwinning word geïmplementeer
- Gebrek aan beoordeling rakende die biodiversiteit en bewaringswaarde van natuurlike en produksie gebiede

In die komende maande, is SIZA geskeduleer om 35 plase wat in die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap en KwaZulu-Natal provinsies geleë is, te verifieër. Met inagneming van die piekseisoen van kommoditeite, is die tweede party omgewingsverifikasie geskeduleer om buite die piekseisoen van kommoditeit plaas te vind.


**KONTAK:**

**Carmen Botes**

**Tel:** (021) 852 8184 / carmen@siza.co.za



SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
CRW